

29 November

**Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Artikel 26**

Die waardigheid van ons Middelaar

“Alles sing,” sê die wetenskaplikes. Tot die maan brom ’n onhoorbare deuntjie as hy om die aarde woer. Op ’n magdom frekwensies saai die hele uitspansel “kosmiese geraas” uit.

Wat uit een perspektief “geraas” is, kan natuurlik uit ’n ander perspektief musiek wees. Soms is dit of die lewe net wanklanke oplewer, maar partykeer is dit of ons vaagweg ’n oneindige skoonheid herken, ’n soet harmonie wat oor alles spoel. Uiteindelik, voor die troon van God, kom al die klanke van die hele skepping byeen. Met Saturnus en walvisse onder die basse, wildsbokke saam met engeltenore, duiwe onder die alte en die stemme van laggende kinders tussen die soprane, dirigeer God se voorsienigheid die lied wat deur sy groot raad gekomponeer is.

God laat jou nou al weet waarom hierdie lied gaan: Dit gaan oor die waardigheid van die Lam, die waardigheid van jou Middelaar, Jesus Christus. Alles, alles besing sy eer, mag, rykdom, sterkte, lof, heerlikheid en krag tot in alle ewigheid. Terwyl die ewige lied oor Christus se waardigheid klink, word die goue bakke met die gebede van gelowiges, ook jou gebede, die troonsaal ingedra (vs 8) en op grond van SÝ waardigheid word hulle sekerlik verhoor.

Jy het dus alle rede om vanaand onder die sterre te staan en te sing: “Aan U, o Lam van God, ’n nuwe lofgesang” (Sb 5-3). Die maan en die planeete sal buig en inval.

Sing: Skrifberyming 5-3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)